Bestuurstruktuur

Die Kerkraad

Die gemeente nomineer en die bestaande kerkraad kies 23 ouderlinge en diakens. Saam met twee voltydse leraars bestaan die kerkraad uit 25 persone. Die 23 verkose lede word vir 'n tydperk van twee jaar gekies. Hulle kan vir nog een termyn van twee jaar gekies word.

Ouderlinge en Diakens

Ouderlinge en diakens word verkies om in wyke diens te lewer. Sommige word ook verkies om, naas hulle wykswerk, ook op die kerkraad te dien. Alle ouderlinge en diakens is lid van die Wyksbedieningsgroep se kontakvergadering wat die besoekwerk in wyke koördineer en eenkeer per jaar vergader. Hulle is ook lid van die Bedieningsforum wat jaarliks vergader vir terugvoering en beplanning.

Die Dagbestuur

Die kerkraad wys 'n dagbestuur van nege verkose lede uit die onderskeie diensterreine aan. Die leraars is ampshalwe ook deel van die dagbestuur. Die kerkraad dra take aan die dagbestuur op. Die dagbestuur funksioneer onder leiding van 'n leraar.

Met erkenning en dank aan Louis Botha vir die gebruik van sy kunsfotos en aan Manie Cornelius vir die sketse deur Rien Poortvliet. Uitleg: Raoul van der Westhuizen